# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

7 Februarie 2023

**Omsendbrief 2/2023**

Aan alle saakgelastigdes, kolporteurs en kerkrade

**Bestellings: *Die Boekwinkel***
Soos u weet, gebruik ons nou al vir 'n geruime tyd nie meer die Suid-Afrikaanse posdiens vir die versending van pakkies vanaf *Die Boekwinkel* nie. Weens die onbetroubaarheid van die posdiens, het ons by Lig in Duisternis Uitgewers besluit om oor te skakel na die gebruik van 'n koerierdiens.

Soos wat 'n mens kan verwag, is dit 'n heelwat duurder opsie, hoewel baie vinniger en meer betroubaar. Om ons te help om ons uitgawes met die versending van posstukke te bestuur, wil ons graag die volgende reëlings in verband met die versending van pakkies aan gemeentes deurgee:

1. By verstek gaan ons poog om alle bestellings deur gemeentes vanaf *Die Boekwinkel* saam met die maandelikse pakkie met *Die Boodskapper* na gemeentes te versend. Hierdie koste sal deur Lig in Duisternis Uitgewers gedra word.
2. Indien gemeentes egter 'n bestelling vinniger by hulle wil hê, sal die koerierkoste vir die gemeente se rekening wees.

Daar is ook gemeentes wat hul eie koerier reël vir die afhaal van pakkies by *Die Boekwinkel*. Ons wil gemeentes versoek om eerder van Lig in Duisternis Uitgewers se diens gebruik te maak. Dit vergemaklik en bespoedig die proses. Indien u dus in die verlede self 'n koerier gereël het en nou van Lig in Duisternis Uitgewers se diens gebruik wil maak, versoek ons u om net die reëling so aan *Die Boekwinkel* deur te gee deur 'n e-pos te stuur na boekwinkel@liginduisternis.co.za.

Ek herinner u graag weer aan die inhoud van 'n omsendskrywe in dié verband wat in Februarie 2022 na gemeentes uitgestuur is:

**1. Probeer bestellings voor die 20ste van 'n maand plaas.**
Indien ons bestellings voor die 20ste van 'n maand ontvang, kan ons, waar moontlik, daardie pakkies kombineer met *Die Boodskapper* se pakkie en hoef ons sodoende nie die uitgawe vir 'n tweede pakkie aan te gaan nie.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

**2. Reël dat pakkies afgehaal word.**
Wat ons natuurlik die heel meeste help, is wanneer pakkies direk by die *Die Boekwinkel* opgepik word. Dikwels is daar lidmate of iemand wat 'n geleentheid kan bied om 'n pakkie saam te neem, in Pretoria. In sulke gevalle wil ons gemeentes aanmoedig om eerder hul pakkies te kom oplaai. Dit sal help as ons eerder as later van so 'n reëling in kennis gestel word, sodat ons nie reeds die pakkie gestuur het wanneer u dit wil kom oplaai nie.

Indien moontlik, probeer om ook ander gemeentes se pakkies wat dalk op die pad mag wees of met wie daar gereeld kontak is, op te pik. Dit sal help indien buurgemeentes op hierdie wyse kan saamwerk.

Dit is altyd goeie praktyk om, voordat iemand Pretoria toe kom, net *Die Boekwinkel* te skakel om uit te vind of daar nie dalk 'n pakkie vir u gemeente is wat opgepik kan word nie.

Indien u 'n spesiale reëling vir die afhaal van pakkies wil tref, is dit belangrik om nie net 'n e-pos daaroor te stuur nie, maar om ook *Die Boekwinkel* **te skakel** en seker te maak hulle is bewus van die reëling.

Baie dankie vir u hulp in die verband.

*Vriendelike groete*

**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023